

# MOORD AAN BOORD SKIP



MEIRING FOUCHE

'n Spanningsverhaal met 'n tere liefdesverhaal deurgevleg. Net Meiring Fouché kan so 'n verhaal skryf.

Fabel Retief is met vakansie per boot na Engeland. Hy wil rus maar daardie pragtige meisie het sy aandag getrek. En toe sy eers vir hom vra om haar baas op te pas, het die moeilikheid begin en toe haar baas spoorloos van die skip verdwyn, was die gort gaar.

Hier is ure van die reinste leesgenot.

# MOORD AAN BOORD SKIP

*deur*

MEIRING FOUCHÉ



*Uitgegee deur*

PRONKBOEKE  
POSBUS 972, JOHANNESBURG  
1962

## HOOFSTUK I

NIEMAND aan boord van die groot posboot hou van die man nie.

Hy is klaarblyklik onafhanklik, skatryk, onbeskof en 'n bullebak. Hy is 'n gesette man met 'n dik bulnek en 'n bril met dikkerige glase en 'n swart raam.

In die helder verligte eetsalon van die passasiersboot, kyk die lang aantreklike Suid-Afrikaner nou weer na hierdie man. Wat hy nie kan begryp nie, is dat die ou vent hom bevind in die geselskap van so 'n pragtige nooi. Sy het die gesig van 'n engel en haar hare is weelderig met die glans van gevryfde koper daarin. Sy is fiets en fyn en blykbaar besonder intelligent. Die lang skraal kêrel het al gesien dat sy twee hemelsblou oë het en 'n geredelike glimlag. Sy is altyd by die vet man, byna soos sy skaduwees. Hulle eet saam in die eetsalon, hulle is dikwels saam op dek, maar hulle praat met niemand nie. Hulle het skynbaar met niemand kontak nie. Hulle neem nooit aan dekspeletjies deel nie en selfs die musiekkonserte en ander vermaak woon hulle nooit by nie.

Wat opvallend is, is dat die gesette man blykbaar onbeskof is teen die meisie. Dit gebeur baie selde dat hy by haar aan tafel bly sit totdat sy klaar geëet het. Hy sluk sy kos altyd in soos 'n vraat, dan vlieg hy op en stap die eetsalon uit. Waarlik 'n onsmaaklike en onaantreklike ou man.

Daar staan hy nou huis weer op. Hy smyt sy servet op die tafel neer en waggel die eetsalon uit. Ewe gedienstig neem die meisie die servet, vou dit op en lê dit naas sy bord neer. Toe loer sy onderlangs of iemand miskien na haar kyk en dit is toe dat sy in die oë van die lang skraal Suid-Afrikaner vaskyk. 'n Oomblik bly hulle na mekaar staar, haar gesig bleek en uitdrukkingloos en haar blou oë 'n bietjie donker. Ook sy gesig is uitdrukkingloos maar sy oë is skerp en deurborend.

Nog 'n paar oomblikke sit hy aan tafel en wonder oor die raaisel van die vet man en die tenger pragtige meisie. Sou sy sy dogter wees? Of is hy moontlik 'n miljoenêr wat 'n jong vrou getrou het?

Hy sluk sy koffie weg, staan op en stap uit. Hy moet kort by haar tafel verby. Hy kyk 'n bietjie speels na haar en tot sy verbasing sien hy dat sy vir hom glimlag. Dit ontstem 'n oomblik, maak hom bietjie onseker. Hy steek 'n sigaret op en stap uit op die dek. Hy gaan staan 'n ruk teen die reling van die skip en kyk af in die donker water. Die sigaret gloei rooi in die donker agtergrond van die see. Hier waar hy staan is die lig taamlik dof maar 'n mens kan tog sien wat jy doen.

Dit is net toe hy hom omdraai om met sy rug teen die leuning te leun, dat hy haar na hom toe oorgestap sien kom. Sy lyk soos 'n vylinder. Haar hare glans in die dowwe lig en dit lyk nie asof sy stap nie. Dit lyk asof sy sweef. Om haar skouers het sy 'n pragtige ligte sjaal en sy is so lig dat haar voetstappe op die dek feitlik onhoorbaar is.

Sy kom staan langs die reling omtrent 'n tree van die lang man af, haal haar sigaretkoker uit, steek 'n sigaret daarin en toe vra sy hom ewe beleefd om 'n vuurhoutjie. Haar stem is sag en kalm. Strelend met iets diep en geheimsinnig daarin.

Hy haal sy opsteker uit, skakel dit aan en steek vir haar die sigaret aan. 'n Oomblik is haar pragtige kop naby hom en hy word bewus van die sagte geurigheid van haar hare. Hy let op na haar vingers en hy sien dat daar aan haar ring-vinger met 'n eenvoudige sierring is. Niks meer wat haar verbind nie.

„Baie dankie,” sê sy. „Dit spyt my dat ek moes lastig wees.”

Hy dink aan haar glimlag in die eetsalon 'n paar oomblikke gelede en hy wonder wat presies haar na hom toe gebring het. Die feit dat sy om 'n vuurhoutjie kom vra het, is pure oëverblindery, dit weet hy.

„Aangename aand,” sê die lang kêrel.

„Besonder aangenaam,” sê sy. „Dit maak 'n mens byna lus om iets aan te vang. Te dans, of na die bioskoop te gaan of iets van die aard, nie waar nie?”

Haar opmerking bring hom van stryk. Dit klink vir hom soos 'n uitnodiging.

„Ja,” sê hy bietjie verleë. „'n Aand soos hierdie is 'n uitnodiging om baie dinge te doen.”

Haar volgende vraag verbaas hom ten seerste. „Is u 'n speurder?” vra die meisie.

Hy draai sy kop vinnig en kyk in haar oë af wat nou sag vonkel.

„Wat 'n eienaardige vraag,” sê hy. „Wat laat u dink dat ek 'n speurder is?”

„Ek het maar somar gewonder,” sê sy afgetrokke. „U is so wakker en intelligent. Dit lyk asof u waarneem; en so sterk.”

Hy glimlag en bly na haar kyk.

„Ek wens u was 'n speurder,” sê sy.

„Om nogal wat te doen?” vra hy.

Sy draai, leun op die reling en kyk af op die see. „Dit het te doen met Mnr. Lewis.” sê die meisie. „Max Lewis. Dit is die man wat u altyd in my geselskap sien. Skatryk, moeilik om mee oor die weg te kom, koppig en miskien bietjie onveilig.”

„Onveilig?” vra hy. „Wat bedoel u daarmee?”

Sy trek die sjaal vaster om haar skouers. „Ek weet nie wat dit is nie, maar hy lyk vir my so onrustig. So . . . rusteloos. Hy deel sy geheime met niemand nie, maar ek kan sien dat hy nie op sy gemak is op hierdie reis nie. Hy is ontsettend ryk en ek wonder of hy nie vrees vir iets wat te doen het met sy rykdom nie. Die wêreld is so boos.”

„Dit is 'n merkwaardige situasie,” sê die skraal man en kyk sydelings na haar. „Hier reis ons op 'n groot posboot. Mnr. Lewis is tussen 'n klomp mense en u meen dat hy 'n speurder nodig het. Dit is bra eienaardig.”

„Vergewe my,” sê sy. „Ek praat altyd te veel. Ek . . . sal moet teruggaan.”

Tot sy verbasing is hy teleurgesteld. „Net 'n oomblik,” sê hy. „Mag ek vra wie u is?”

„Alte seker,” sê sy met een van haar heerlike glimlagges. „My naam is Rene Baumgarten. Ek is ook Suid-Afrikaans. Ek kom uit Johannesburg.”

„Ag so,” sê hy. „Vir my het dit gelyk asof u miskien 'n buitlander kan wees. En . . . mag ek vra, hierdie Mnr. Lewis. Wat is u verband met hom?”

„Sekretaresse,” antwoord sy eenvoudig. „Ek moet alles vir hom doen en glo my dit is nie maklik nie. Hy is ontsettend kort van humeur. Alles wil hy perfek hê en hy het altyd die indruk dat iemand hom bedreig, dat iemand hom agtervolg, dat hy 'n gewelddadige dood sal sterf.”

„Hy moet 'n buitengewone man wees,” sê die skraal kêrel. Sy staan 'n tree nader aan hom en die sigaretrook dwarrel

oor haar fyn lippe. „Mag ek vra wie u is?” sê Rene Baumgarten.

„Retief . . . Noem my maar . . . Noem my maar Casper Retief.”

„Waarom steek u u regte naam vir my weg?” vra sy met verbasende insig wat hom verstom.

Hy glimlag soos 'n skuldige seun want hy wil nooit graag sy werklike naam bekendmaak nie. Sy werklike naam is te bekend en dit beteken te veel. Daarom probeer hy altyd skuil agter die een of ander denkbeeldige naam.

„Nou goed,” antwoord hy. „Almal noem my Fabel Retief.”

Sy draai haar kop skeef. Hy kan sien dat sy dink. Daar is meteens diepte in haar blou kykers en dit lyk asof sy na iets soek in haar geheue.

„Fabel Retief,” sê sy agterna. „Wat 'n strelende naam. Ek meer ek het dit iewers gehoor. Is u . . . is u nie 'n beroemde man nie? Voorsitter van 'n groot maatskappy of iets van die aard nie? Ek het u naam al in die koerante gesien. Ek is seker.”

„Heel moontlik,” sê hy. „Nee, ek is nie beroemd nie. Ek is maar net . . . wel, ek is 'n vrugteboer. Ek het 'n vrugteplaas in die Laeveld van Transvala. Daar is 'n besending van my vrugte aan boord van hierdie skip en ek reis saam om te sien hoedat dit bemark word. Ek is nuuskierig om dit te sien, daarom is ek aan boord.”

Dit is duidelik dat sy hom nie glo nie. Sy is die soort meisie wat haar diepste emosies eintlik nie heeltemal kan verberg nie. Daarvoor is sy te oopreg.

„Fabel Retief,” sê sy weer nadenkend.

Hy hoop en bid maar net dat sy nie sal agterkom wie en wat Fabel Retief werklik is nie. Want, Fabel Retief is een van die beroemdste oud-speurders van Suid-Afrika. Dit gebeur dikwels dat die speurdiens hom nog gebruik om misdade op te los, maar hy het hom voorgeneem om hierdie keer stil en sonder enige komplikasies na Brittanje te reis. Hy wil dit graag 'n vakansie maak en hy wil aan niemand en niks verbonde wees nie.

Die meisie kyk aandagtig na hom op. „U sê u is nie 'n speurder nie?”

„Nee, ek is nie,” sê hy beslis.

„Wil u nie deeltydse speurder wees nie?” vra sy met 'n soort

kinderlike openhartigheid. „Wil u my nie help om 'n ogie te hou op Mnr. Lewis nie? Ek voel so . . . so magteloos.” Sy skud haar skouers en hy sien dat sy sidder. „Ek weet nie wat dit is nie,” sê Rene Baumgarten. „Maar ek het die indruk dat iets verkeerd is op hierdie vaart. Ek het Mnr. Lewis nog nooit so gesien nie. Daar moet iets skort en ek wens ek het geweet wat dit is. Dit is of daar 'n onheil is, 'n gevaaar. Iets wat ons bedreig. Dit laat my soms so eensaam en bevrees voel. Wil u my nie help nie?”

Fabel Retief staan 'n hele ruk botstil. Eindelik sê hy: „As daar iets is wat ek kan doen, moet u maar net sê. Dit is vir my baie moeilik om speurder te speel u weet. Mnr. Lewis kan missien aanstoot neem. Ek ken hom gladnie. Ek weet gladnie wat sy geaardheid is nie.”

„Dit kan maklik genoeg reggestel word,” sê Rene. „Kom saam met my dan gaan ek u voorstel. Hy sal my miskien afjak of iets van die aard maar moet u nie daaraan steur nie. In sy hart is hy in werklikheid 'n goeie man. Hy behandel my baie goed. Dit is heeltemal moontlik,” sê Rene, „dat Mnr. Lewis bereid sal wees om u terdeé te vergoed as u bereid is om . . . wel, om nie-amptelik speurder te speel.”

Ewe gemoedelik vat sy vir Fabel Retief aan die arm en lei hom terug. Hulle stap in die gang af van die eersteklas afdeling van die skip en toe klop sy liggies op 'n deur.

„Kom binne,” kom die stem ewe bars.

Toe Fabel binnestap, besef hy onmiddellik dat hy hom bevind in die koninkryk van 'n ryk man. Hierdie is nie 'n gewone kajuit nie. Dit is wat gewoonlik genoem word 'n suite. Twee slaapkajuite, 'n sitvertrek, twee aparte badkamers ens. ens.

Max Lewis kyk verbaas op toe Rene met Fabel binnekom.

„Mnr. Lewis,” sê sy ewe liefies. „Ek wil u graag voorstel aan Mnr. Retief. Hy is ook 'n Suid-Afrikaner.”

Lewis grom iets wat Retief nie verstaan nie. Hy loop op die vet man toe en reik hom die hand.

„Aangename kennis Mnr. Lewis,” sê Fabel.

En toe is daar 'n oomblik waarin eintlik nie een van die drie weet presies wat om te sê nie, totdat Lewis praat.

„En wat is die doel van hierdie besoek?” vra hy vir Rene terwyl hy na Fabel kyk.

Rene gaan die deur toedruk. Sy kom terug en kom staan

vlakvoor die tafeltjie waarop Lewis besig is om met homself skaak te speel.

„Mnr. Retief is 'n private speurder Mnr. Lewis.”

Fabel en Lewis kyk ewe verbaas na die meisie. Fabel omdat sy so-iets sê en Lewis omdat dit vir hom 'n groot verrassing is. Ook 'n bietjie bedenklik. Hoe minder hy met speurders te doen het, hoe beter. Sou die meisie raai wie en wat hy is, wonder Fabel, of het sy maar net 'n skoot in die donker geskiet. Is hierdie deel van 'n veldtog. Wil sy hom op die een of ander manier aan die vangtou kry? Hy vererg hom 'n bietjie tog vind hy dit nie moontlik om haar openlik te weerspreek nie. Hy sal maar 'n rukkie met haar saamspeel en kyk wat gebeur. Dit kan in elk geval 'n baie interessante speletjie afgee want sy is een van die pragtigste meisies wat hy nog gesien het. Sy prikkel 'n man tot in sy diepste wese deur net na hom te kyk.

„Wat is die bedoeling daarvan om 'n private speurder na my kajuit te bring?” vra Lewis weerbarstig.

„U het eenmaal te kenne gegee dat u moontlik 'n private speurder kan gebruik Mnr. Lewis,” sê die meisie heeltemal vreesloos.

„Moenie bog praat nie Mej. Baumgarten,” sê Lewis. „Wat op aarde gee jou die indruk dat ek 'n private speurder wil hê? Hierdie is vir my 'n besigheidsreis. Ek verwag geen geweld nie en waarom sou daar enige geweld wees, of enige misdaad. As julle my nou sal verskuon . . .”

Fabel draai om en stap na die deur. Dit is seker die eienaardigste posisie waarin hy hom nog bevind het.

Rene Baumgarten volg hom na die deur. Toe gaan sy skielik staan. „Sal u omgee as ek vanaand bioskoop-toe gaan Mnr. Lewis?” vra sy.

Fabel sien die twyfel in Max Lewis se oë toe hy na die meisie opkyk. Vir 'n oomblik lyk dit asof hy gaan weier. Maar toe sê hy met klaarblyklike teësin: „Ek het nie beswaar nie.”

Die volgende oomblik bevind hulle hulle voor die kajuit in die gang.

„Ek moet sê jy waag baie,” sê Fabel. „Hoe durf jy my beskryf as 'n private speurder as ek nie een is nie?”

„Wel,” antwoord sy heeltemal kalm. „Of jy een is en of jy nie een is nie, weet ek nie. Ek dink egter jy is heeltemal kapabel om

een te wees. Wat is daar nou aan om 'n private speurder te wees?”

„Daar is meer aan as wat jy jou kan verbel,” sê Fabel. „'n Mens moet darem iets weet van die kuns om private speurder te speel.”

Sy gaan staan en kyk lank in sy oë op. „Dit help nie dat jy my bedrieg nie,” sê sy. „My gevoelens mislei my nooit en my gevoel is dat jy 'n speurder of 'n private speurder is of was. Wil jy dit weerspreek?”

Hy glimlag net en stryk oor haar hare. „Jy het pragtige hare,” sê Fabel.

„Dankie vir die kompliment.”

„Of ek nou 'n speurder is of nie, dit kom nie daar op aan nie. Die heer Lewis stel nie belang in 'n speurder nie.”

„Hy stel belang,” sê Rene. „Dit is maar soos hy is. Ek is heeltemal seker mōreoggend sal hy jou ontbied en jou 'n vet salaris aanbied om vir die res van hierdie reis 'n ogie op hom te hou.”

Hulle begin stadig in die gang afstap. „Wat my interesseer,” sê Fabel, „is waarom die man nou huis 'n speurder nodig het. Gee jy om om my bietjie verder in te lig?”

Sy het haar hande agter haar rug saamgevat en sy loop en kyk op die vloer. Sy is blybaar baie ingedagte. Of kan dit wees dat sy op hierdie oomblik versigtig is?

„Daar is sekere dinge omtrent mnr. Lewis waarvan ek weet,” sê Rene eindelik. „Daar is sekere dinge omtrent hom waarvan ek nie weet nie. Ek weet byvoorbeeld dat hy skatryk is. Ek weet dat hy 'n genie is wat besigheid betref. Ek weet dat hy transaksies sluit van honderde duisende ponde per maand. Maar daar is ook 'n deel van mnr. Lewis wat vir my in die skaduwee is. Soms dikteer hy vir my briewe waarvan ek nie kop of stert kan uitmaak nie. Ek weet hy is op pad Londen-toe op besigheid. Maar, wat die besigheid is, weet ek nie. Ek is nou maar drie maande in sy diens.

Dit interesseer vir Fabel. Wat sy nou net gesê het, prikkel die ou speurderbloed in hom. Alles wat in die skaduwee is, alles wat geheimsinnig is, interesseer hom en maak hom nuuskierig. Dit kan wees dat hierdie Mnr. Lewis 'n interessanter man is as wat die meeste mense besef. Hy ken die soort. Die skatryk besigheidsman wat gedeeltelik in die lig leef en gedeeltelik in die skaduwee. Sy het dit so presies reg gestel. Die deel wat in die lig